

Dagsê alle belangstellende in die geskiedenis van ou Pretoria,
Ek wens soms die werêld wil ‘n bietjie stilstaan dat ek kan bykom. Hier gebeur te veel
dinge, ek is nog besig met een projek dan kry ek alweer ‘n volgende idee. Ek het verlede
jaar die Pretoriase Doopregisters van die Hervormde Kerk [Sept 1858 – Des 1862]
afgeneem en op CD gesit. Nou het ek ook die Rustenburgse Huweliksregisters [Mei
1892 – Des 1922] op CD. Enige belangstellende kan ‘n kopie hier kom haal, bring net ‘n
skoon CD saam.

Na Dr. Herman Rex se dood is al sy dokumente aan die Herv. Kerk argiewe geskenk. Ek
het ‘n aantal bladsye daarvan gefotostateer en is besig om dit deur te werk. Dit is
ongelooflik interessant. Ek het nog nooit ‘n afbeelding van Pretoria se tweede tronk
[hoek van Bosman- en Minnaarstraat] gesien nie. Herman Rex meld dat daar ‘n
waterverfskildery daarvan bestaan wat in die Pretoria Stadsaal hang. Het iemand miskien
meer inliging? Of miskien ‘n foto daarvan? Dan noem hy ook dat die Bronkhorst
Familiebegraaplaas in Prellerstraat langs die treinspoor is. Volgens my ou kaarte lyk dit
asof die Bronkhorst opstal was ongeveer waar Prellerstraat vandag is. Ek dink nie hy
bedoel die Du Preezhoek begraafplaas nie, dit was ‘n hele entjie daarvandaan gewees.
Het iemand miskien inliging?

Dan het ek besluit om ‘n “boek” te skryf oor ou Pretoria. Ek sê boek in aanhalingstekens
want dit sal nooit in harde kopie gepubliseer word nie maar ek hoop om dit eendag in
elektroniese formaat beskikbaar te stel. Ek trek al by bladsy 80

Vandag iets meer oor Meester Wessel Louis.


As bron vir hierdie brief het ek gebruik gemaak van die herinneringe van vier oud-
leelinge van die skool nl. H. Kleinhans, S.J. Bezuidenhout, C. Beelaerts van Blokland en
K.C. Peters-Louis [‘n dogter van Louis] Iets meer oor C. Beelaerts van Blokland. Hy
was die seun van jhr. mnr. G.J. Th. Beelaerts van Blokland, minister-resident of gesant
van die Suid-Afrikaanse Republiek in Nederland. Toe die Transvaalse deputasie van
1883/84 in Europa was het jhr. van Blokland hulle bygestaan in hulle onderhandelinge
met die Britse regering. Die deputasie het bestaan uit president Paul Kruger, generaal
Nicolaas Smit en ds. S.J. du Toit, destydse superintendent van onderwys in die Suid
Afrikaanse Republiek. Saam met die deputasie het dan teruggekeer die jong seun van die
familie, om in Pretoria op kosskool te kom. Hy het hom merkwaardig goed aangepas en
en ‘n besonder genoeglike drie jaar, 1884/1887, in Pretoria deurgebring. [jhr. staan vir
jonkheer en is ‘n titel wat deur mense van die adelstand in Nederland gebuik mag word.]

Ds. S.J. du Toit, Superintendent van Onderwys in die Z.A.R., het deur sy wetgewing ‘n
staatskool vir hoër onderwys [d.w.s. alle onderwys bo St. VI] in die lewe geroep, wat in
1883 onder die naam van “Opleidingskool” in Pretoria ge-open is. Om ‘n voldoende
toevoer van leerlinge te verseker, is ‘n jaar later ‘n Voorbereidingskool, wat onderwys tot
St. VI gegee het, aan hierdie inrigting verbind. In 1887 het die twee afdelings
saamgesmelt en kort daarna het dit as die “Gymnasium” onder leiding van mnr. Wessel
Louis, voorheen van Potchefstroom, een van die belangrikste skole in Pretoria geword.
Onderwysers en amptenare is daar vir hul werk voorberei en ‘n klein aantal het ook na
Nederland vir verdere studie gegaan. Mettertyd onder leiding van dr. N. Mansvelt, het
die Staatsmodelskool en die Staatsgymnasium tot stand gekom en het mnr. Louis se skool
opgehou het om te bestaan. [Pretriana 32 p62]

Mnr. Wessel Louis is in 1845 gebore in Raalte, Nederland. He was eers onderwyser in Appeldoorn en toe in Loenen, en het in 1875 na Suid Afrika gekom. In 1876 aanvaar hy 'n pos as skoolhoof in Potchefstroom. Aan die begin van 1883 het hy met sy werksaamhede in Pretoria begin. Vanaf 1883 – 1892 was hy hoof van die Opleidingskool en daarna dosent in Wiskunde aan die Staatsgimnasium tot 1900. Hierna is hy terug na Nederland en is in 1917 in Nijmegen oorlede.

Die eerste woning waarin mnr. Louis met sy gesin in Pretoria gewoon het, het aan die Superintendent van Onderderwys Ds. S.J. Du Toit behoort. Dit was op die noordwestelike hoek van Kerk- en Kochstraat [Bosmanstraat]. Hier het ook 'n aantal seuns "kosgangers" by die gesin ingewoon. Die skool was op hierdie tydstip in die ou skoolgebou op Kerkplein. Dit word beskryf as een groot kamer met "vier kale wanden, enige ramen en een deur". Die vertrek het voorheen ook diens gedoen as Volksraadsaal en in 1884 was ook daarin kerk gehou aangesien die tweede kerk op Kerkplein nog in aanbou was nadat die eerste kerk afgebrand het. Een bron meld ook dat die gesin ook 'n paar jaar [moet seker maande wees?] in die huis van Dr. Jorissen gewoon het.

Later het Meester Louis die huis gekoop wat eers aan Pres. Burgers behoort het op die hoek van Kerk- en Prinsloostraat. [sien foto in ander brief oor Pres Burgers] Die vooraansig van die huis was nie in Kerkstraat nie maar wel in Prinsloostraat. So het mens van die stoep af 'n uitsig op die Markplein gehad. Die terrein het bestaan uit vier erwe met 'n woonhuis, koetshuis en stal. Daar was 'n pragtige tuin met baie vrugtebome.'n Roosheining het drie sye van die terrein ingesluit, wat destyds tradisioneel vir Pretoria was, terwyl 'n granaat- en vyelaning en 'n druiewprieel nie ontbreek het nie. Water is uit 'n voor gekeer wat met Prinsloostraat afgekom het. Die ruim koetshuis het gedien as skoollokaal terwyl dikwels ook onder 'n groot wilgerboom skoolgehou is.



Skets van die agterkant van Louis se woonhuis deur Van Blokland

Mnr. Louis het die huis gekoop met geld wat hy van sy skoonvader in Nederland ontvang het. Aangaande die woonhuis skryf een van Meester Louis se dogters: "Vanaf 1885 woonden wij aan 't marktplein; voordat wij daar kwamen wonen heeft er eene familie Jeppe ook gewoond. 't Huis was [een] erg onderkomen. Een muur van de studeerkamer viel eens in elkaar, de cellen van die vlijtige witte mieren haden 't ondervind, planetarium totaal vernield. De globe nog intact. Toen metselde een outa de muur weer

op. Gelukkig was niemand in de vertrek. In 1884 [?] is ons huis in handen van den Engelschman geweest. The “British Residency”. Die woonhuis het ‘n grasdak besit wat altyd deur Naturelle herstel is, die huisskilder was eers van Dalsum, later Van Schaik.”

Een van die ander oudleerlinge beskryf ook die dag toe die dak ingeval het. Op ‘n dag in November 1885 het hulle studeerkamer, ‘n hoekkamer van die woonhuis, sonder waarskuwing ineengestort, gelukkig terwyl almal buite onder die wilgeboom les gehad het. Versigtig het elkeen sy boeke en ander besittings onder die puin uitgegrawe. Veral gehawend was ‘n “mooi planetarium en een groote aandglobe van die heer Louis”.

Die waenhuis is as skool en slaapvertrek gebruik. Mn. Louis het toe reeds aan ‘n paar leerlinge losies verskaf nl. Nicolaas Smit, Koos Schoeman en die tweeling Johannes en Antonie Kock. Hierdie seuns het saam met die Louis-gesin van Potchefstroom na Pretoria gekom. Die inwonende beurshouers het £4 per maand vir voeding en onderrig ontvang. Hoe die ander leerlinge skoolgeld betaal het kon mev. Peters nie meer onthou nie. “Wel weet ik dat er pampoen, gedroogde perzikken en botter en 1 mud aardappels of zoete aardappels gegeven werd.”

Fanie Bezuidenhout vertel: As 12 jarige seun het ek van Potchefstroom in Pretoria aangekom om ingeskryf te word as leerling van Meester Louis se skool. Dit was Julievakansie toe ek hier aangekom het. Moet nou nie vir my lag nie want ek het nie geweet wat die woord “vakansie” beteken nie! Ons het altyd gehoor dit is “holiday” in die dorp dan werk die mense nie. Eers later het ek uitgevind dat vakansie “holiday” beteken. Een van die seuns het my toe na my kamer geneem wat ‘n entjie weg van die woonhuis van die hoof was. Tot my verbassing was die kamer ‘n perdestal met krip en al! Aan my is toe gesê om my trommel in die krip te sit en my bed is aangewys. Die katel – soos ons ‘n bed genoem het – was heeltemal van yster gemaak, met so ‘n vinger-breë staal- of ysterplate as mat en verder die gewone goed. Aan my is toe vertel dat ons skool voorheen die woonhuis en stal van president Burgers was.

Hansie Kleinhans het die volgende oor die stal te vertel:

As meester ‘n nuwe kosganger sy bed in die stal gaan wys – die krip is nooit verwyder nie – het die seun gewoonlik beswaar gemaak.

“Ek is jammer MeesterLouis maar ek is nie gewoond om in ‘n stal te slaap nie, en wil dit ook nie nou doen nie.”

“Zoo myn lieve jongen, is dat zoo. Kan u my zeggen waar Onze Lieve heer geboren is.....?”

“In Bethlehem... in ‘n stal Meester.”

“Nou dat is braaf van u, Is u wellicht beter als onze lieve Heer....?”

“Nee Meester.....”

“Nou ja mijn lieve jongen, u gaat ook maar in die stal slapen....”

Hul voedsel het bestaan uit bruin brood “met zemelen en een tikje aan den zure kant” met botter gedurende die somer en “golden syrup” gedurende die winter. Die middagmaal het altyd met dik sop begin en verder uit taai beesvleis bestaan – “op Pretoria werden uitsluitend oude trekossen geslagt, die niet goed meer konden”. Weens die slanggevaar was daar ‘n menigte katte wat gedurende die maaltye onder die tafel tersluiks ontvang het wat die kosgangers nie kans voor gesien het nie. Voor en na die ete is daar in Hollands en Engels gebid - elkeen het ‘n beurt gekry – en na seun van kaptein Dahl van Klipdam bygekom het, selfs in Deens.

Daarna het mnr. Louis begin spaar om 'n behoorlike skoolgebou te kan oprig. Hierdie gebou het voor die waenhuis verry en uit vier groot vertrekke en een klein vertrekkie bestaan. In die kleinste vertrek het mnr. Kalt twee doofstomkinders ['n seun en dogter] onderrig. Van die seuns wat die skool van mnr. Louis besoek het noem mev. Peters: "Groot Piet" Grobler [familieelid van die Staatspresident], Cornelis Wielbach [later regsgedeerde], Dewalt Bodenstien, [later professor], Jan Jurie Schoeman [later myningeneur]. Mortimer Malherbe, "Dowe" Jan Celliers [later landmeter]. Verder was Jhr. C. Beelarts van Blokland drie jaar by Meester Louis gehuisves.

Die bou van die nuwe skool het, wanneer daar nie geld was nie, soms stilgestaan. Twee Nederlanders, Van Smalen en Pierneef, het die timmerwerk aan die skoolgebou gedoen. Deure en kosyne het kant en klaar uit Natal gekom. Die waterpas wat gebruik is was 'n stuk tou met 'n klip daaraan bevestig. [Vermoedelik 'n skietlood] Die plafon was van seildoek gemaak en wanneer die wind gewaai het, het die "plafon" heen en weer beweeg. Die nuwe skoolgebou is voltooi en het die naam Opleidingskool ontvang. Die gebou het soos reeds vermeld aan mnr. Louis behoort. Die President het daarvoor gesorg dat daar elke Saterdagoggend 'n aantal bandiete gestuur is om die vyf klaskamers te skrop en die meubels te poleer. Soms was daar kettinggangers onder die skoonmakers. Nadat die nuwe Staatsgimnasium to stand gekom het mnr. Louis sy skoolgebou aan die Regering verhuur.

Skoolure was van 9 tot 12 en van 1 tot 3. Voor 1887 was 'n tipiese lesrooster soos volg:


Maandag: Rekenen, Meetkunde, Algebra, Globe en Alg. Geskiedenis.

Dinsdag: Engels, Nederlands, Latyn, Frans en Geskiedenis van die Kaapkolonie.

Woensdag: Rekene, Meetkunde, Algebra, Engels en Aardykskunde.

Donderdag: Rekene, Engels, Frans Latyn en Werkwoorde.

Vrydag: Engels, Nederlands, Nat. Historie, Aardykskunde en Ned. Geskiedenis.



Huis en Skool van Wessel Louis

Hierdie foto is geneem vanaf die huis van dr. W.J. Leyds op die suid-westlike hoek van Van der Walt- en Pretoriussstraat. Van links na regs: Markgeboutjie op Markplein; grasdakwoning van mnr. Wessel Louis op die suid-oostelike hoek van Kerk-en Prinsloostraat en dan die skoolgebou van mnr. Louis. In die Agtergrond lê Meintjeskop. [Pr-32 p63]

Die nuwe skool was in twee afdelings verdeel, nl. Die Opleidingskool en die Gymnasium. Die Opleidingskool se drie klaskamers staan vandag [1960] nog met sy voorkant na Prinsloostraat terwyl die Gymnasiumklas in president Burgers se waenhuis waarin sy kar en perde gehou was, gehuisves was. Hierdie karhuis wat ons vandag 'n

garage sou noem, het agter die gebou van die Opleidingskool gestaan. Die tuin het tot omtrent die helfte van die blok ooswaarts gestrek, terwyl die erwe aan die suidekant [aan Pretoriussstraat] nog heeltemal onbebou was. Die eetkamer was in die woonhuis. Badkamers was daar nie. Ons moes in die Apiesrivier gaan swem. In die winter kon ons Saterdae net ons voete was. Ons een swemplek was waar vandag [1960] Du Toit- en Esselenstraat draai, ‘n bietjie na die suidekant waar al di groot woonstelgeboue nou is. Die ander een was in die Walkerspruit, ongeveer waar Johannstraat deur die Walkerspruit gaan. Een van die ander leerlinge noem dat daar op ‘n stadium ‘n swembad gebou is. Dit was “een rechthoekig diep gat met gemestelde wanden en een muurtjie er om heen”. Hulle het slegs ‘n enkele keer daarin geswem aangesien die “waterververschoning” nie goed gewerk het nie. Liewer het hulle in die Apiesrivier geswem in “Meintjes se gat” vlak bo Meintjes se drif, ongeveer waar die huidige leeubrug vandag is.

Voor en tussen skoolure is verskillende spelsoorte beoefen. Rugby-voetbal was veral gewild, wat “wilder is dat wat men hier in Nederland na mijn terugkomst speelde, omdat men ook de hande mag gebuiken en met den bal weglopen”. Die markplein voor die skool was nie baie geskik vir die spel nie omdat daar ‘n aantal doringbossies gestaan het waarin die bal gewoonlik ‘n lek opgedoen het. Na skooltyd het hulle ook soms gaan kyk hoe die volwassenes voetbal speel op die plein waar later Burgerspark aangelê is.

Gedurende die laaste paar maande van die jaar is gewoonlik hard gewerk vir die eindeksamen wat in die ou skoollokaal op Kerkplein geskryf is. Ergerlik was dit vir die seuns dat hulle dan hul skoolbanke deur die hele dorp daarheen moes dra. Die eksamsens was openbaar en verskeie belangstellendes het gewoonlik kom kyk hoe dit gaan .

Staatsmodelskool

Die naam van die skool het nou verander na die Staatsmodelskool. Op 1 Augustus 1893 is die “Staatsmodelschool” deur Superintendnet van Onderwys, Dr. N. Mansvelt, namens die regering plegtig geopen en teenwoordigheid van enkele Volksraadslede en kuratore. Met die opening van die Staatsmodelskool in ongeveer 122 leerlinge ingeskryf en as gevolg van gebrek aan ruimte is St. I in een lokaal geplaas; St. II en die helfte van St. III in die tweede lokaal; in die derde lokaal die ander helfte van St. III en die helfte van St. IV; en in die laaste lokaal die ander helfte van St. IV. Daar was nog drie buitekamertjies waarin Engels en Natuurwetenskappe onderskeidelik gedoseer is, terwyl in die derde kamer die doofstomleerlinge onderrig ontvang het.

Voordat die “nuwe” Staatsmodelskool in Van der Waltstraat gebou is, was ruinte nog steeds ‘n groot probleem en twee van die markgeboue in Kerkstraat word gehuur en later die woning van mnr. Ockerse in Van der Waltstraat, regoor Burgerspark. Dr. Fockens moes met sy instrumente verhuis na die ‘n huisse op Kerkplein, waar die Paleis van Justisie later gebou is. Ook verskeie ander geboue is gebruik as deel van die skool.

Meester Wessel Louis

Met ‘n oop “paraplu” gewapen om die felheid van die somerson af te weer en ‘n swart “Everlastingse” baadjie gedos [die materiaal wat deur die boere Everlasting genoem is, is ‘n materiaal van Angorabokwol] met ‘n klompie boeke onder arm en met ‘n paar ekstra hoë polvye, kom meester Louis gereeld elke more van sy huis in Prinsloostraat na die Staatsgimnasium stadig aangestap na sy klaskamer in ‘n grasdakhuis waar die ou Stadsaal vandag staan.

In sy klaskamer tooi hy hom verder met ‘n randlose swartfluweel mussie. Sy yl grysbaardjie en sy lang hare het nogal ‘n opmerklike kontras met sy mussie gevorm. ‘n

Ronde grysende figuur met 'n lang stok in die hand en met meetkunde-stellings en algebraise vraagstukke op die swartbord, het die 'n onuitwisbare indrukke nagelaat.

Ned. Herv. Kerk

Die skoolgebou van mnr. Louis is ook 'n tydlank as kerkgebou gebruik deur die Ned. Hervormde gemeente. As daar 'n aanddiens was het mnr. Louis lampe van die N.Z.A.S.M. ontvang. Die lampe is dan op die eerste werkdag van die week deur die skoolseuns terugbesorg. Mn. Cluysenaar [van die N.Z.A.S.M.] het aan mnr. Louis gesê dat hy baie vir die spoorwegmaatskappy en die kerk gedoen het. Hy was voornemens om mnr. Louis daarvoor te beloon. Daarop het mnr. Louis voorgestel om liewer die Ned. Hervormde gemeente met 'n nagmaalstel te vereer. Hierdie geskenk het later, nadat die nuwe kerkgebou gereed was, soontoe verhuis. Die drie klaskamers het groot vroudeure gehad. Wanneer dit oopgevou of oopgemaak is, het dit een groot lokaal uitgemaak. Die predikant was ds. Geddefroy, wat op Pretoriusplein gewoon het.

Jammer vir die lang brief. Dit is so moeilik on te weet wat om uit te laat. Ek het nog 'n hele paar interessante fotos maar dan sal die brief definitief te groot wees om met e-pos te stuur.

Groete, Rosa Swanepoel